

GRAIN SA
GRAAN SA

# Perspektief | Perspective
Nuusbrief Newsletter

26/04/2013 WEEK 17 - 2013 KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE CLICK HERE FOR THE ENGLISH VERSION

***In hierdie uitgawe...***


- **Uitvoerbevordering is 'n topprioriteit vir Graan SA**
- **Lees *SA Graan/Grain* vir alles oor die komende Graan SA NAMPO Oesdag**
- **Brandstofpryse vir Mei 2013**


## Uitvoerbevordering is 'n topprioriteit vir Graan SA

***Wandile Sihlobo (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA) en Funzani Sundani (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

**»**As deel van uitvoerbevordering, het sekere lande, soos Taiwan, Japan en China (China se Staatsadministrasie van Graan) onlangs groot belangstelling getoon in Suid-Afrikaanse graan en oliesade. Graan SA het ook in die afgelope tyd besoeke ontvang van hierdie onderskeie lande. Een van die hoofaspekte wat vir hierdie lande aantreklik is, is die kwaliteit van Suid-Afrikaanse graan en oliesade. Hulle fokus is egter hoofsaaklik op geelmielies.

Graan SA se uitvoerbevordering is grotendeels gefokus daarop om permanente markte vir Suid-Afrikaanse graan en oliesade te skep. Al hierdie besoeke het 'n positiewe uitkoms getoon en daarom was daar aansienlike mielie-uitvoere na Japan en Taiwan gedurende die afgelope drie weke. Japan het ook onlangs ongeveer 114 234 ton Suid-Afrikaanse geelmielies ingevoer, waarvan 22 427 ton hierdie Dinsdag na hul uitgevoer is. Taiwan het ook ongeveer 49 234 ton Suid-Afrikaanse geelmielies in die afgelope drie weke ingevoer. Daar is steeds positiewe vooruitsigte dat meer uitvoere na hierdie lande (Taiwan en Japan) sal plaasvind indien hulle plaaslike verbruik aanhou toeneem.

Die *South Asian Association for Regional Cooperation* (SAARC), wat bestaan uit Bangladesj, Bhoetan, Indië, die Maledives, Nepal, Pakistan en Sri Lanka, het ook belangstelling getoon in Suid-Afrikaanse graan en oliesade. Meer geïnteresseerdheid kom veral van Bangladesj vir Suid-Afrikaanse sojabone. Dit wys daarom ook op 'n positiewe vooruitsig vir Suid-Afrikaanse graan en oliesade.

**Terug na bo**

## Lees *SA Graan/Grain* vir alles oor die komende Graan SA NAMPO Oesdag

***Estie de Villiers (assistent-redakteur: SA Graan/Grain)***

**»**Kyk gerus uit vir die April-uitgawe van SA Graan/Grain wat tans in die pos is. Ons gee vanjaar weer 'n aparte NAMPO Oesdag-uitgawe saam met dié tydskrif uit.

Hierdie spesiale Graan SA NAMPO Oesdag-uitgawe behoort vir jou 'n goeie oorsig te gee van wat jy van vanjaar se NAMPO kan verwag en wat die uitstallers by hulle standplase en stalletjies beplan. Ons het ook met verskeie mense gaan gesels om te hoor hoekom hulle die Oesdag besoek – gaan lees gerus wat is volgens hulle tien redes hoekom jy NAMPO moet bywoon.

Een ding is seker: Dit is die een geleentheid wat 'n produsent nie durf misloop nie. Kom vergewis jouself van die nuutste tendense en kom vergelyk jou boerderypraktyke om seker te maak dat jy nie agter raak nie.

In die hoofboek (met 'n Landini trekker op die voorblad) kan jy onder andere lees oor mieliekopvrotsiektes van belang vir die 2013-seisoen; die nuutste verwikkelinge rondom die Russiese koringluis in Suid-Afrika en lees ook meer oor lamsiekte: Moenie dat dit jou boerdery lamlê nie. 'n Volledige terugblik oor die Graan SA Kongres word ook in hierdie uitgawe gegee.

**Terug na bo**

## Brandstofpryse vir Mei 2013

***Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)***

»Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds, kan die petrolprys op 1 Mei 2013 met 65 sent per liter en die dieselprys met 49 sent per liter **DAAL**.

Dié verwagte dalings is grootliks as gevolg van die olieprys wat vanaf 'n gemiddeld van $109,40 per vat in Maart tot 'n gemiddeld van $103,91 per vat tot op datum in April gedaal het. Die rand het gedurende dieselfde tydperk met 0,7% versterk, wat nog groter verwagte dalings in brandstofpryse teweegbring.

**Terug na bo**

**GRAAN SA • GRAIN SA**

Posbus 74087 • PO Box 74087

Lynnwood Ridge 0040

+27 (012) 807-6023 www.grainsa.co.za

+27 (012) 807-3166 philip@grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: philip@grainsa.co.za